# Die Sierduif
# The Fancy Pigeon

October 2021



For the love and care of Fancy Pigeons / Vir die liefde en versorging van Sierduiwe

Official mouthpiece of SAFPA / Amptelike mondstuk van die SASV

# Editors page / Redakteur se blad

## *Indeks / Index*


| | |
|---|---|
| Editors Page / Redakteur se blad | 2 |
| Redaksioneel / Editorial | 2 |
| Die Lemon Archangel - Bertus Pretorius | 3 |
| Norwich Kropper handleiding deel twee<br>Ds Renier Lee | 8 |
| Van duiweboer se vrou tot duiweboer<br>Elbé Visser | 13 |
| Aaanbied van skoue - Christo Munnik | 14 |
| Scoreboard and Rules | 16 |


## *Birthdays*

**W071 - Koos Conradie - 01-Nov**
**B067 - Pieter Duvenhage - 02-Nov**
**S001 - Jan Coetzee - 02-Nov**
**W070 - Johan de Kok - 03-Nov**
**D019 - Piet Pretorius - 06-Nov**
**D022 - Hein Hoffman - 07-Nov**
**K045 - Lionel Phillips - 07-Nov**
**H080 - At Nigrini - 08-Nov**
**D040 - Frik Butler - 09-Nov**
**C038 - Hennie Visagie - 11-Nov**
**W002 - Frik Schoeman - 12-Nov**
**C023 - Jannis Esterhuizen - 12-Nov**
**W026 - Bertie Wessels - 12-Nov**
**W038 - Kitty Botes - 12-Nov**
**C044 - Daan Labuschagné - 15-Nov**
**N026 - Wayne Nicholson - 17-Nov**
**J002 - Johan Nel - 22-Nov**
**H082 - Theodore Kruger - 23-Nov**
**B004 - Nollie Oosthuizen - 24-Nov**
**H074 - Raheel Moolla - 24-Nov**
**K027 - Pearl Strydom - 26-Nov**
**H063 - Pieter Neethling - 27-Nov**
**B059 - Chris Engelbrecht - 28-Nov**
**B024 - Willie van Zyl - 28-Nov**
**B072 - Victor Hattingh - 28-Nov**
**C051 - Nico Taute - 30-Nov**
**C005 - Simon Jordaan - 30-Nov**

## *Nuwe lede*

### *Noord-van-die-Vaal*

**Gideon Putter B003**
**Posbus 13705, Zuurfontein.**
**Vanderbijlpark**
**1912**
**Sel: 083 777 9846**

**Gideon G Putter B006**
**Posbus 13705, Zuurfontein.**
**Vanderbijlpark**
**1912**
**Sel: 083 777 9846**

### *Wes Transvaal*

***Helene Roodt D054***
***41 Meerholtzstraat***
***Vredefort***
***9595***
***Sel: 079 049 6858***

### *KwaZulu-Natal*

***Duane Schwarz N027***
***33 Mcleanstraat,***
***Umkomaas.***
***4170***
***Sel: 084 207 1617***

***Pranesh Singh N053***
***PO Box 25***
***Margate***
***4275***
***Cell: 072 989 8463***

***Daar is mense wat gee en mense wat neem, mense wat skep en ander verwoes, dan is daar mense wat niks doen nie en ander mal maak.***


**President**
**Chris de Bruin**
**Tel: 012 819 1594 (na ure)**
**012 420 0181 (kantoor ure)**
**e-mail: chris.debruin@dcs. gov.za of tiaandebruin@ hotmail.com**

**Sekretaris**
**Peet Botha**
**Sel: 082 467 0996**
**e-mail: peetsandra@ vodamail co.za**


Februarie 2020


Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873



***DIE "LEMON" ARCHANGEL***

***Bertus Pretorius***




***Foto: Bradley Tucker, USA NPA.***

**AGTERGROND**

Oor alle duiwerasse verduidelik MUTASIES, in drie groot gene, 'n groot hoeveelheid kleurvariasie/ kleurskakering, naamlik Pale, Dilute en Extreme Dilute.

Dit is eintlik baie maklik om hierdie variasies of skakerings te verstaan – dink aan 'n blik swart verf. Verdun dit met 50% wit verf en die kleur word halveer. Verdun dit nou weer, en die verdunde kleur halfveer weer. Dit is presies soos hierdie verdunnings gene werk in die kleur van duiwe.

Ons ken almal die "WILD TYPE". Dit word beskryf as die "Intense" kleurskakering. Die 1ste verdunning staan bekend as "Pale" (en redelik skaars in die meeste rasse), die 2de verdunning is "Dilute" (baie gewild en volop), en die laaste verdunning is "Extreme Dilute", wat ons almal ken as "LEMON".

Verdunnings toon basiskleuring van ongeveer die helfte so intens as die "WILD TYPE", endit is 'n seks-gekoppelde resessiewe mutasie.  Wat dit basies doen, is om die hoeveelheid pigment wat in 'n groeiende veer geplaas word, met ongeveer die helfte te sny.

Soos dr W. Hollander voorspel het in die laat 60s, het hulle 'n nuwe "uitersteverdunde mutant" op die d-lokus gevind. En soos hy voorspel het, veroorsaak dit 'n fenotipe wat, ten minste die eerste paar weke van sy lewe, so pigmentloos is dat dit byna wit is met pienk oë.





Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/  Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538
National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

Lemon kuikens van tussen 7 en 21 dae oud in die nes. Dit is in 1968 so beskryf en voorspel; en het in 1997 gebeur:

"Folks, It's time to do a quick over view of what has been learned so far on this mutation"

1. Lemon is recessive. Two lemons paired always produce only lemons. Two blues paired can produce lemon.
2. When two blues produce a lemon it's a hen. This suggests sex-linkage.
3. A pairing of a lemon cock to a non-related blue hen produces, as far as I can verify, only blue cocks and Lemon hens. Again sex-linked. If the mutation were autosomal the young here would be all blue.
4. A pairing of non-Lemon bred blue cock to a Lemon hen produces all blues. Lemon is recessive to blue.
5. One mating of a brown cock to a Lemon hen has produced blue sons. This means that the Lemon is breeding as a blue pigeon with a hidden, in the young, diluting gene. This means that the mutation is not at the ash red/brown locus.
6. The pairing that was sited of a lemon cock to a non-related brown hen producing a Lemon cock I question. This doesn't fit pigeon genetics as we understand it whether the mutation is sex linked or autosomal. If the mutation is sex linked then ONLY Lemon hens can be produced. If it's autosomal and the brown hen didn't carry it then NO Lemon young could be produced.
7. If the mutation were autosomal then a pairing of a non-related non-carrying blue hen to a Lemon cock would produce ONLY blues."

In opsomming, wat tot dusver deur die meeste na verwys word as LEMON, is seks-gekoppeld, resessief op die d-lokus en is resessief vir beide PALE en DILUTE. Geneties funksioneer dit as 'n uiterste vorm van verdunning, en daarom moet dit as een van die allele op die lokus bekend staan as 'EXTREME DILUTE' en gesimboliseer word as dex.

**LEMON ARCHANGELS**

Omdat dit so moeilik is om net die basiskleur van 'n Archangel reg te kry, wil 'n mens nie eers na hierdie mutasies kyk nie. Daar bestaan wel 'n goed gevestigde verdunning in Archangels, naamlik PALE. Ons ken dit almal as die GOUE DUIF. Dilute is redelik onbekend. Die swart word dun en die goud word nog ligter. Extreme Dilute is baie skaars, maar kom wel voor en staan bekend as die "Butterscotch" kleurskakering.



Ongelukkig (of sal ek eerder sê, gelukkig?) laat die bestaande DUITSE Standaard van die Archangels NIE toe dat solied gekleurde duiwe geskou mag word nie. Die NPA van Amerika het dit wel in hul standaard ingeskryf, maar ons ken darem almal die yanks - hulle sal hom verniel. Wat ons SA standaard betref, is ek nie seker nie.

Die lemon geen is oorgedra op beide Asrooi en Blou basis duiwe. Op Asrooi het dit nie dieselfde intensiteit gegee as byvoorbeeld op die Blou duiwe nie. Die eindproduk op die blou basis, moet steeds 'n twee-kleur duif wees met die vlerkkleur 'n tipe "butterscotch" skakering.Op die Asrooi duiwe, of bekend as die WHITEWINGS, moet die vlerk spierwit wees. Onthou, by die Archangel wil jy NOOIT die intensiteit in die basiskleur verloor nie – al is dit 'n vedunning. Dit beteken: jy wil graag die verdunning egalig oor die grondkleur hê.

Gimpel Brons reageer eintlik baie goed met die lemon geen, mits jou basis kleur sterk is. Hier is hoe dit inskakel by die res van die KLEURE:




**DIE PROSES**

Die afgelope tyd het ek ook bietjie gaan kyk na die werking van die lemon geen op my swartvlerk duiwe(blou basis). Ek het begin met twee lemon vliegduiwe – albei mannetjies, sodat ek dadelik lemon wyfies kon hê wat natuurlik 50% Archangel was.

Ek het nie my f1 mannetjies gebruik nie, hel hulle was darem te lelik. Ek het wel my f1 lemon wyfies gebruik.

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538
National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873





Links is ‘n f1 mannetjie en regs my f1 lemon wyfie watek weer opgepaar het met Koper Swartvlerk mannetjie.Al die kleintjies uit hierdie parings was dus 25% vliegduif en 75% Archangel. Mannetjies het steeds gelyk so vliegduiwe, maar met meer brons in as die f1 mannetjies, en was split lemon.

Een van hierdie mannetjies met die extra brons het ek toe opgepaar met ‘nKoper Swartvlerk wyfie. Dus kon ek nou ‘n lemon wyfie teel hieruit wat 12.5% vliegduif en 87.5% Archangel is.





Die brons mannetjie en sy lemon dogter regs.  Die kleur het nou baie beter geword en die verskil in skakering kan nou al duidelik gesien word op die jong wyfie hierbo.  En dit is waar ek nou trek.

As ek dus nou hierdie klomp boeties en sussies oppaar kan ek daardie lemon  mannetjie teel wat 87.5% Archangel is, en dit gaan goudwerd wees. As ek so ‘n mannetjie nou terugvat na ‘n Koper Swartvlerk

wyfie – kan ek dalk net daardie perfekte “butterschotch” uitdrukking neersit met 93.75% Archangel tipe.

Ek het ook die Extreme geen oorgedra op die goue duiwe. Die f1 en f2’s uit die koper swartvlerk Archangels was egter baie beter as die f1 en f2’s uit die goue swartvlerk duiwe. Maar dit is te versane, aangesien die goue duiwe reeds ‘n verdunning (pale) is.

Voorbeeld van ‘n lemon wyfieuit die Goue Swartvlerk Archangel.



Om hierdie stadium is tipe al wat gaan saakmaak, want die gimpel brons gaan nie meer sigbaar wees nie. Verlang nou net daardie kappie en “Archangel look”, en daardie duidelike skeiding in vlerk en lyfkleur.




**South African Rare Breeds Club**
**Suid-Afrikaanse Skaarsras Klub**
**Established *** 1988 *** Gestig**

**We endeavour to enhance the following rare breeds**
**Ons bevorder die volgende skaarsrasse**



**Arabian Trumpetter, Carneau, Cauchois, Crested Soultz, Damascene, Danish Saubian, Danzig High Flyer, Domestic Flying Flight, Domestic Show Flight, Dutch Capuchine, Dutch Highflyer, Fairy Swallow, Full Head Swallow, Maltese, Indian Fantail, Jacobin, Memeler Highflyer, Muffed Ice Pigeon, Cleanlegged Ice Pigeon, Nuremburg Lark, Ptarmigan, Silician Swallow, Skoorsteenveër, Starling, Stargard Shaker, Steinheimer Bagdad**

**For more information - Contact - Vir meer Inligting kontak**
**President: Hennie Hattingh Tel: 034 995 1020 Cell: 082 923 3910**
**Sekretaris: At van Jaarsveld - Tel: 013 245 1700 of Cell: 082 368 1214**

Julie 2019


***‘n Korreltjie geloof is meer werd as ‘n kilogram kennis.***

***Ons soek harder na verlore honde as na verlore mense.***


**Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538**

**National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229**



***NORWICH KROPPER***
***Handleiding en kort geskiedenis by die teling en beoordeling van Norwich Kroppers:***

***Ds. Renier Lee 2020/21***

**HOOFSTUK 2**

Van die oorspronklike telers wat by die eerste Algemene Jaarvergadering gewees het is die meeste reeds oorlede. Ongelukkig kon ek nie die notule van die vergadering vind nie maar volgens my geheue is ek en Dr Koot Serfontein die enigste oorblywende telers wat steeds aktiewe telers is. Dr. Koot Serfontein teel egter nie meer met Norwich Kroppers nie. Daar mag nog ander telers ook wees maar ek twyfel. Van die ouer telers was reeds oorlede en ander telers het sedert die stigting van die Norwich Kropperklub ook gesterf. Telers soos, Willie Roos, Oosie Oosthuisen oom Raath (Hannes Raath se pa), Marais Muller, Naas Rautenbach, Johan van Rensburg, Mervyn Wightman, Piet Steyn, Dawie du Toit, wat 'n jaar voorsitter van die SASV was, Pietie Benadie, J.A Rheeder van Oudtshoorn, Tikkie van Zyl, Manie Lee, Manie Fourie, Alex Ravenscroft vir drie dekades as leier op verskillende komitees, Gert Prinsloo, Sarel Viljoen, Neels le Roux, Hannes Homan, Warren Klopper baie jare voorsitter van die SASV, Gert Koorts, Paul Maritz, Koos Piek, Lourens Buys, Karel Reyneke, Cliff Viljoen, Frits Van Horsten, Willie Pretorius, Dries van der Walt, Jan Kriel is name wat ek onthou maar hulle is almal oorlede. Baie van bogenoemde name was prominente leiers figure in die SASV. (Dit laat jou dink), Ander soos Lou Brits, Andries Roodt, Willie Robbertze, Lourens Du Plessis, Lourens Muller, Hennie Gouws, Gerhard Laubsher, Dagmar Kroppers, Lotie Geyer, Carina Piek en Carel van der Merwe is lankal nie meer aktiewe telers nie. Saam met 'n ou prominente lid naamlik Johnny Rudmann het telers bygekom soos Christo Munnik, Harry Munnik, Chris van der Walt, Hendri Botha, Nollie Oosthuisen, Hennie Visagie, Pieter Lourens, Dirk Scholtz, At van Jaarsveld, Gerhard van Aswegen, Dr. Lappies Labuschagne, Riaan Strydom, en onlangs ook Danie Strydom en ander wat ek nog nie ontmoet het nie.

My verskoning as ek enige name uitgelaat het. Dit is baie moontlik aangesien ek op my geheue moet staatmaak omdat ek nêrens Norwich Kropper Nusbriewe kon vind nie. Wys net weer hoe belangrik die byhou van alle notules en inligting is. Ter wille van volledigheid wil ek graag name van nog klub lede noem wat ek uit ander bronne van die tagtigs gekry het: Gert Bosch Senekal, Saag van Wyngaardt Breyten, Phillip Welken Witbank, Josef Reynders Pongola, M.J. de Beer Rooihuiskraal, S.A. Brown Brandvlei, Prof Schalk Botha Pretoria (oorlede) J Coetzee Windhoek, J. Scheepers Krugersdorp, C. Bester Rysmierbult, Attie Peyper Cradock, Loti en gesin Geyer.

Baie telers het my al gevra wie was die eerste Norwich Kropperteler in SA. Ek moet eerlik wees en sê ek weet nie. Wyle Alex Ravenscroft het op 'n stadium gesê dat hy reeds in 1935 Norwich Kroppers gehad het maar by wie hy dit gekry het, het ons nooit gevra nie. Tikkie van Zyl het as kind in 1933 Kroppers gehad. Paul Maritz sê dat hy sy Kroppers in 1947 by Naas Rautenbach gekoop het. Ek is ook bewus dat Alex Ravenscroft op aanbevel-




**South African Blower Club**
**Suid-Afrikaanse Blaasduif Klub**
**Established *** 1988 *** Gestig**



**We promote the following Blower Breeds**
**Ons bevorder die volgende Blaasduif Rasse**

**Brunner Pouter, Norwich Cropper, Dutch Cropper, English Giant Pouter, Pomeranian Pouter, Holle Cropper, Pigmy Pouter, Reversewing Cropper, Ghent Cropper, Czech Ice Cropper, Voorburg Shield Cropper, Gorguero Pouter, Elster Cropper, Hana Pouter, Bavarian Pouter, Saxon Cropper, Marchenero Pouter, Lille Pouter, Canaria Cropper, Thuringian Cropper, Valenciana Pouter**

**For more information - Contact - Vir meer Inligting kontak**
**President: Jan Labuschagné Cell: 083 491 2919**
**Sekretaris: Dirk Scholtz - Cell: 082 452 4229**

Julie 2020



**Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538**

**National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873**

ing van Alec Blair van Skotland, die eerste teler in SA was wat ronde houtblokkies in sy skouhokkie geplaas het vir die Kroppers om op te staan tydens voorbereiding vir skoue. Dit was reeds in die vyftigerjare. Volgens Alec Blair was blokkies “to strengthen the limbs”. Volgens Alex Ravenscroft was “the block gives a cropper a sense of well being and makes them learn to stand properly”. Manie Fourie en Pottie Potgieter het egter die blokkie ingesit om te keer dat hul duiwe in die afrigtingshokkie gedurig hul kroppe teen die draad skuur en so al hul kropvere verloor. Ek weet sommige telers doen dit om hul duiwe se pote en sterte skoon te hou maar dit is nie die oorspronklike rede hoekom die blokkies in die hokke gesit is nie. Dit was ironies dat daar vir Johnny Rudman tydens ‘n skou gesê is dat hy die blokkies moet uithaal want dit is onwettig. Hy merk sy duiwe vir die beoordelaar.

Die Blaasduifklub het egter eenparig besluit dat die gebruik van die blokkies kan voortgaan. Ongelooflik dat ‘n wêreldwye, aanvaarde gebruik, wat ouer is as die meeste van ons telers, deur twee persone as “onwettig verklaar” word. Dit toon net weer hoe belangrik die geskiedenis en die gereelde byhou van gebeure, van die Norwich Kropper vir ons is.

Manie Fourie skryf in ’n artikel in 1975 dat Marais Muller, Naas Rautenbach, Johan van Rensburg, Alex Ravenscroft en Warren Klopper op daardie stadium reeds Norwich Kroppers ingevoer het. Wanneer die invoere presies plaagevind het weet ons nie. Ons is ook bewus dat Alec Blair tydens sy besoek aan SA, van verskeie telers duiwe uitgesoek het, onder andere Sarel Viljoen, wat hy saam Skotland toe geneem het. Alex Ravenscroft het 1935 Norwich Kroppers gehad maar weens sake redes hou hy op en begin weer in 1951 tot 1966. Weer hou hy op en wanneer hy in 1971 weer begin, kry hy van sy ou duiwe terug by Leo Snyman, ‘n vriend van hom. Ook kry hy twee wyfies by Warren Klopper en nog ‘n paar pare van Manie Fourie, Pottie Potgieter en Sarel Viljoen. Ongelukkig kan ek Leo Snyman nie onthou nie. Die presiese datum wanneer Pottie Potgieter en Manie Fourie begin het met die teel van Norwich Kroppers, weet ek ook nie. Wel weet ek dat toe ek in 1968 by oom Pottie en by oom Manie in Virginia was, ek hulle al gesien het by skoue en dat hulle toe reeds erkende Norwich Kroppertelers was. In die lys van uitslae van 1963 wat later verskyn, het hulle toe reeds met Norwich Kroppers geteel. Pottie Potgieter was reeds in die laat vyftigs bekend as ‘n Kropperteler en ek vermoed Manie Fourie ook.

Beide het op daardie stadium gekonsentreer op Norwich Kroppers en reeds baie pryse op skoue behaal. Al die sertifikate in hul hokke het hiervan getuig. Ander rasse was gebruik sodat hul getoets kon word as beoordelaars in daardie rasse. Ek weet dat Manie Mookees gehad het asook ‘n baie goeie Raadsheerstoet wat hy 1981 aan Johan Malan, Dawid se seun, verkoop het. Saam met Marais Muller was hulle ‘n gedugte trio wat saam geteel en mekaar gehelp het. Einde 1967 het my eie hond ‘n einde gemaak aan al my sierduiwe, 27 verskillende rasse, waaronder Norwich Kroppers ook was. Tydens my besoek aan oom Pottie en oom Manie (1968) het hulle my gehelp met baie goeie Kroppers en het veral oom Manie my mentor geword. Oom Pottie het op Henneman afgetree en is ook daar oorlede. Min het ek op daardie stadium geweet dat ek my mentor, oom Manie Fourie, in 1992 in Virginia sou begrawe.

Sedert 1968 teel ek dus net met Norwich Kroppers en wil ek dit duidelik stel dat,alhoewel ek op ‘n stadium minder aktief was by die SASV, weens my betrokkenheid by die Brahman Beestelersgenootskap, ek nooit sonder Norwich Kroppers was nie. Wel het ek in die sewentigs en tagtigs, elke jaar met ander rasse ook geteel net om hulle met hul kleintjies aan die einde van die seisoen terug te gee aan hul oorspronklike eienaars. Die daarop volgende jaar is ek dan in daardie rasse as beoordelaar getoets. In die Wes Transvaal het oom Raath (Hannes se pa) ook met Norwich Kroppers geteel en het Hannes by hom oorgeneem. By hom en sy


Birmingham Roller Vertoners Klub



President: Christo Munnik
e-mail: cora.christo@gmail.com
Sel: 076 391 5800

Sekretaris: Attie van Aswegen
e-mail: attievanaswegen@gmail.com
Sel: 082 411 8483




Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

vrou Stoffie het ons seker die meeste Kropperdae gehou en is ‘n hegte band onder die Kroppertelers, op Potchefstroom gesmee. Telers was ‘n groot familie en ek was nie verbaas om met my pa se begrafnis in 1981 feitlik die hele Kropperklub voor my te sien toe ek op die kansel klim nie. Terloops my pa se begrafnis was die eerste begrafnis wat ek gehou het as predikant. Gewoonlik het ek en Dawid Malan tot op Potcefstroom saamgery en vandaar saam Hannes na Klerksdorp se skougronde gery vir Wes Transvaal streekskoue. Een aand met ons terugkoms het ‘n bestuurder in die motor langs ons, vir Hannes by die brug by Potchefstroom van die brug probeer afdruk. Ons het teen die reëlings gebots en slegs my knie het seergekry. Ek was op die passasier sitplek en teen die reëlings. Hannes se motor het skade gehad. By die huis was Stoffie nie baie gelukkig met ons drie mans nie.

Onder Hannes se wakende oog het Lourens du Plessis in Potchefstroom een van ons goeie telers geword. Ook was Lynton Vermaak, ‘n vriend van Hannes in Potchefstroom en het hy baie goeie geel Kroppers geteel. Waar hy sy oorspronklike geel kroppers gekry het weet ek nie. Ek weet wel dat Mervyn Wightman, jare voor Lynton, ook geel kroppers gehad het. Ironies genoeg het Lourens en Hannes Raath eers in 1976 as Norwich Kropper beoordelaars uitpasseer. Ongelukkig vir die SASV en die Norwich Kropperklub verkoop Hannes gedurende 1981 sy hele stoet aan Neels le Roux (Sierduif Okt 1981) maar begin hy en Lourens weer later vir ‘n kort tyd. Terwyl ek van Mervyn praat wil ek aanhaal wat hy reeds in 1975 geskryf het “Long before the founding of the SAFPC (dus 1943) I remember the English Giant Pouters and the Norwich Croppers that would do credit to the breeders of today. If we take the Norwich Cropper however, the quality today is more consistend. Instead of seeing a few of good type among a poor class we are confronted today by a large class with so many good ones that to pick a winner is no easy matter”.

Ek glo dat dit die gevolg was van al die duiwe dae en die entoesiasme onder Kropper telers. In Mervyn se tyd noem hy dat die algehele wenner op ‘n skou gewoonlik ‘n Blou Norwich Kropper of ‘n Wit Waaierstert was. By Lourens Muller kry ek die lys van telers wat tydens die SA’s in 1963 onder die pryswenners was. Ter wille van volledigheid noem ek die telers se name: G.J. Visagie, H.L.B. Bosman, D.J.J. du Toit, P.J. en G.J. Liebenberg, H.P. de Villiers, J.G. van Zyl, J.F.J. van Rensburg, M. Erasmus, M.J. Fereira, W.L.T. Klopper, D.H. Fourie en D.E. Potgieter. Ek vermoed almal is reeds oorlede. Meeste van die telers het ek “geken” in soverre ‘n standerd 5 seun die ou manne kon ken. My oom en my St. 4 onderwyser, Chris Fourie, het my ingeskryf by die SASV (einde 1962). Mnr. C Fourie staan in “Die Gedenkuitgawe” 1992 langs oom Warren Klopper op die foto.

Die pryswenners in 1980 was G.J.S.Bosch, J.M. Raath, J. Piek, D.H. Fourie, R.G. Lee, C.A. Le Roux, J.B. Cilliers, K. Reyneke, N.J.R. Kemp, P.H. van Niekerk, D. Willemse en J.A.R. Blom. Meer name as wat by die laaste Kampioenskapskou, 2019, Norwich Kroppers geskou het.

In die Sierduif van April 1980 kry ek die name van telers wat toe lid was van die Norwich Kropperklub. Hulle was D.H. Fourie, R.G. Lee, J. Serfontein, L.L. du Plessis, K. Reyneke, H.P. Lee, C.F.J. Erasmus, J.J. Piek, Routjie Roux, J.M. Raath, L.S. Muller, C.A. le Roux, S.J. Viljoen, J.J. Homan, L.D. van der Westhuizen, A.W. Ravenscroft, L.T. Buys, F. Von Horsten, W.L.T. Klopper, P.C. Coetzee, P. Maritz, H. Botha, J.H. Horn, W.J.B. Robbertzs, S.J. Germishuys, F.C. Hefer, W. Nel, I. Taljard, J.A.R. Blomen I.J. de W Blaauw. Gedurende 1981 sluit nog twee telers by die Kropperklub aan naamlik Dagmar Kroppers (Greylings) en W.J. Steyn.

Een van die oudste Beoordelaars lyste waar ek my hande kon oplê is die volgende telers ook beoordelaars van Norwich Kroppers gewees. (Julie 1975) Aktiewe Beoordelaars; P.J. Benadie, H.C. de Waal, D.H. Fourie, J.L. Homan, J.F.D. Kirstein, R.G. Lee, W.A.M. Muller, D.E. Potgieter, W. Pretorius, I.L.


**MODENESERKLUB VAN S.A.**

**President: Jan Lombard - 083 274 1014**

**Sekretaris/Tesourier: Wim van Rensburg - 084 504 2928**



**DIE PERFEKTE RAS:**

**Top kwaliteit EuropeseBloedlyne (6x top-7 in 2 jaar), Elegansie, Vrugbaarheid, Kleurverskeidenheid, Goeie Voerders, Invoerstrategie om Top Duiwe binne alle lede se bereik te plaas**

**What do you get when you combine long legs, beauty, elegance and curves?**
**The perfect bird!**

Julie 2020



Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

Potgieter, K.S. Reyneke, A.L. Ricketts, J.H. Serfontein (Koot), S.J. Viljoen. Alle Ras Beoordelaars; G.P. Bierman, M. Hughes Hall, W.L.T. Klopper, A.F. Malan, A. Ravenscroft, P.C. Virtue, M. Wightman. Onaktiewe Beoordelaars; C.H. Buitendach, T.A. du Toit, Me. A.E. Reyneke, J.F.J. van Rensburg, G.J. Visagie, R. Gething en P.J. Liebenberg. Uit die 28 Norwich Kropper beoordelaars op bogenoemde lys is dit nog net ekself en Dr.Koot Serfontein wat aktief is. Behalwe vir Ann Ricketts dink ek is die res almal oorlede.

Norwich Kroppers wen gewoonlik van die beste toekennings op elke skou. So het ek in die tagtigs seskeer namekaar die toekenning van Beste duif op Transvaal Streekskou behaal. Dit was ‘n ongeëwenaarde prestasie. Die sewende jaar nie Kroppers geskou nie en die agtste jaar weer Kroppers geskou en weer toekenning van Beste Duif op Transvaal streekskou verower. Manie Fourie het male sonder tal, of die Beste Duif, of Beste Jaaroud duif op skoue in Welkom, by Noord Vrystaat Streekskou, verower. Hannes Raath het dieselfde presteer op streekskoue in Wes Transvaal. Fletcher en na hom, Andries Roodt en veral Johnny Rudman doen dieselfde in die Oos Kaap. Willie Robbertze het in die Wes Kaap baie top pryse verower en J.A. Rheeder, sekretaris van SWD het top pryse in sy streek verower.

Koos Piek se naam was ook gereeld onder die top pryse. In die Oos Transvaal het telers soos Philip Welken, Saag van Wyngaardt, Hennie Visagie en Pieter Lourens die Kropper vlag hoog gedra en het Hennie verlede jaar, 2019, ook die toekenning van Beste Kropper op die SA’s behaal. In Natal was Tom van Deventer die vlagdraer en met sy humorsin was hy baie gewild. Saam met sy seun Miles was hulle ook ‘n gedugte kombinasie. In Noord Transvaal is die naam van Carel van der Merwe en sy seun, gereeld op die pryslys gesien. Nog name wat ek graag wil noem is Sarel Viljoen, ’n uitsonderlike mens en teler, Neels Le Roux en later ook Gert Prinsloo, Lou Brits en Lotie Geyer. Ek glo nie hulle weet hoeveel pryse hulle gewen het op streekskoue en SA’s nie. So het baie telers, teveel om op te noem, top pryse op verskillende Streekskoue behaal. Ek kan egter nie nalaat om die naam van ‘n pragtige junior lid te noem nie. Selfs het sy ons seniors al op skoue soos die SA’s gewen. Sy het ook die eerste Juniorskou in ons land gereël saam met junior komiteelede in 1982, wat ‘n reuse sukse was. Haar naam is Carina Piek en na ‘n jarelange soektog het ek haar verlede jaar in Worcester opgespoor. Dalk teel sy eendag weer kampioen Kroppers.

In die era voor ons het Warren Klopper en Alex Ravenscroft baie top toekennings behaal. Die Norwich Kropper het dus oor baie jare, altyd hulle kant gebring waar daar top pryse ter sprake was. Op Nasionale vlak was die Norwich Kropper ook baie keer onder die Top Sewe en voor die Top Sewe toekennings ingestel was, onder die trofeewenners. As ek reg onthou was Warren Klopper se Kropper, in 1967 Beste duif op die SA’s. Alex Ravenscroft het dieselfde prestasie behaal met ‘n Rooi wyfie in 1975. Ek self het in 1983 met ‘n swart mannetjie en in 2016 met ‘n swart wyfie die toekenning van Beste Duif op die SA’s behaal. In 1988 het ek ook die toekenning van Beste Duif op die SA’s verower maar dit was met ‘n swart Brunner mannetjie. Telers soos Sarel Vijoen, Manie Fourie, Hennie Gouws, Hannes Raath, Johnny Rudman, en ander het ook by Kampioenskapskoue onder die top drie toekennings geëindig in die jare voor die Top Sewe. Die Norwich Kropper het dus vir hulle eienaars altyd trots gemaak en dit was een van die redes hoekom die telers so ‘n hegte eenheid was en hoekom die ras so gewild is. Steeds ‘n top ras om mee te teel wat vir sy eienaar altyd die beste wil gee maar wat net beskore is vir ‘n uitgesoekte groep telers.

**Bylaag 2; My eerste jaar as teler van Norwich Kroppers. Carina Piek.**

Nadat my pa in 1979 weer volstoom met duiwe begin boer het, het ek ook algaande weer meer en






Januarie 2021


Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229


meer begin belangstel in duiwe nadat ek 'n paar jaar geen duiwe gehad het nie. Ek het al die ou duiweboeke wat ons het, deurgegaan en gelees om meer omtrent elke duif uit te vind en toe op die Waaiersterte en Mookees besluit. Maar ek het gewoonlik al my tyd en aandag aan my pa se Norwich Kroppers spandeer. Hulle het my skoon betower. In die hok kan hulle my net in een hok kom soek en dit was die Norwich Kropperhok. Ek het my pa se duiwe vir elke skou afgerig en dit was vir my lekker. Aan die einde van 1979 het ek vir my pa gesê dat ek nou genoeg geld gespaar het om om by hom 'n paar Kroppers te koop. My pa het al die jongduifies wat hy geteel het langs mekaar gesit en my die kans gegee om te kies, dit het my sowat 'n week geneem voordat ek my keuse gemaak het, waarvoor ek nou glad nie spyt is nie.

Later sou ek wel agterkom dat die duiwe nie so lekker "kliek" nie maar ek het toe darem al gereeld geld gekry van my duiwe waarmee ek vir my nog Kroppers kon koop. Die swart mannetjie wat ek gekies het was maar baie stil en teruggetrokke en het maar 'n derde plek gekry. My blou wyfie was toe ook Junior Blaasduif en Beste Junior Duif. Daarna het ons die Norwich Kropperdag by oom Hannes Raath bygewoon. Ek het net my swart Mannetjie saamgevat wat al meer en meer ontwikkel het. Hy het 'n tweede plek gekry in 'n klas van 11 mannetjies. Ek het seker op daardie dag nog die die meeste omtrent Norwich Kroppers geleer. Van die duiwedag af het ek sommer weer moed gekry en besef dat ek nie so 'n slegte keuse gemaak het nie want op die Jaaroud OVS skou wat op Heilbron gehou is het ek die Beste Junior Duif gehad met my swart mannetjie en dieselfde op Kroonstadskou direk daarna.

Met die 1980 Kampioenskapskou voor die deur het ek alles gedoen om my duiwe skougereed te kry. By die Kampioenskapskou het ek beste Junior Blaasduif gehad, wat my 'n R5 Bonus obligasie in die sakgebring het. Die keer was dit met 'n blou mannetjie wat ek by oom Hannes Raath gekry het met die duiwedag by hom. Na die Kampioenskapskou het seker die belangrikste seisoen van die jaar gevolg naamlik Die broeiseisoen. Na afloop van die Kampioenskaskou het ek my vyf paar duiwe vol verwagting gepaar om te sien wat ek gaan teel. Daarby was daar nog vyf van die kleintjies wat met spesialeringe gering moes word. Met die tyd het die eiers uitgekom en die kleintjies het groot geword en met my pa se hulp het ek my vyf spesiale duifies gering. Die duifies het ontwikkel en begin reageer as mens met hulle praat. Daar was nie juis een van die kleintjies wat belofte ingehou het nie, of so het ek gedink.

Nadat ons kon sien watter is mannetjies en watter wyfies, het die eerste skou alweer voorgelê. Dit was Heilbron se Landbouskou. Daar het ek weer Beste Junior Blaasduif gehad met my swart mannetjie, wat saam sy wyfie nie sulke mooi kleintjies geteel het as wat ek verwag het nie. Maar weer 'n bewys dat alle skouduiwe nie ook teelduiwe is nie. Die volgende skoue het gou opmekaar gevolg. Die OVS Jaaroudskou wat op Kroonstad gehou is en op die OVS opeskou wat op Heilbron gehou is het ek die beste Junior Blaasduif gehad met my swart Mannetjie. By die Noord OVS skou op Welkom het ek die Beste Junior duif gehad met een van my jonggeteelde kleintjies, 'n blou mannetjie, sy pa was die mannetjie wat ek by oom Hannes Raath gekry het en 'n wyfie wat ek by my pa geleen het. Daarna het ons nog op Klerksdorp geskou waar dit ook goed gegaan het.

Transvaalskou het gevolg wat vir my die hoogtepunt van die jaar was. Daar was nie 'n afdeling vir ons juniors nie, en ek moes my duiwe tussen die seniors skou. My senuwees het begin knaag toe oom Manie die ope swart mannetjie in die loophok sit, want ek het geweet as daar 'n duif van my was wat kon wen was dit my swart mannetjie. Oom Hannes Raath was gelukkig daar om my moed in te praat en my mannetjie het toe ook eerste gekom. Daarna is hy as die Beste Mannetjie gekies en nog later as die Beste Norwich Kropper en ek

**Gerhard van Aswegen**

**Teel met Norwich Cropper, Brunner,**
**Working Homer, Oriental Roller,**
**Holle Cropper, American Showracer,**
**Chinese Owl, en Stargard Shaker,**
**Kontak besonderhede:**
**Sel: 082 921 1747**
**E-mail: gjtlofts7@gmail.com**
Januarie 2021




Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

was in die wolke daaroor. Maar daar moes nog ‘n Beste Blaasduif ook gekies word. Dit was toe my mannetjie teen ‘n Pigmy van oom Sarel. Ek het behoorlik my naels gekou tot hulle besluit het my mannetjie is die beste, ek kon dit net nie glo nie. Dit is vandag nog bietjie moeilik om te glo, dat ek die Beste Blaasduif in die senior klas kan hê. Die volgende skou was die Kampioenskapskou, waar ons juniors die eerste keer die voorreg gehad het om ons duiwe tussen die grootmense se duiwe te hok en vir die eerste keer is ons duiwe nie afgeskeep nie, maar ordentlik soos die grootmense se duiwe beoordeel.

Ek was gelukkig om weer die Beste Blaasduif in die junior klasse te kon hê, met alweer my swart mannetjie. Dit het my R20 prysgeld en ‘n R5 Bonusobligasie in die sak gebring. By die spesiale ring duiwe, het ‘n blouwyfie van my derde gekom en vir my nog ‘n verdere R20 los geslaan. Dit was ongelukkig my swart mannetjie se laaste skou, want hy is twee weke na die Kampioenskapskou dood. My blou mannetjie wat op Welkom gewen het is ook na die Kamoioenskapskou dood. My grootste ideaal is om op die Kampioenskapskou die Beste Junior duif te hê met ‘n Norwich Kropper wat ek self geteel het en om te gaan vir my Blaasduif Beoordelaars Sertifikaat.

Byvoorbaat baie dankie aan al die mense wat my sover gehelp het want sonder julle hulp sou ek nie bereik het wat ek alreeds bereik het nie. ‘n Spesiale dank aan oom Manie, oom Renier, oom Neels en oom Hannes Raath by wie ek baie geleer het. Dit is altyd lekker en interessant om saam met hulle te “steward” en ek leer elke keer iets by en ek sal altyd die vrymoedigheid hê om julle te vra as ek eendag ook beoordelares is. Laaste maar nie die minste nie wil ek my pa bedank. As dit nie vir hom was nie sou ek nie vandag met duiwe geboer het nie, hy moedig my altyd aan maar sal my nooit dwing om meer aandag aan my duiwe te bestee nie, maar as ek begin lyf wegsteek raas my pa darem met my. Ek en my pa redeneer lekker oor die jongduifies maar kom dan altyd oor een op die ou end. Baie dankie pappa vir al die hulp.



***Van duiweboer se vrou tot duiweboer***

***Elbé Visser***

Ek het Danie in 1984 ontmoet en hom leer ken as iemand wat nie sonder sy duiwe kon klaar kom nie. In 1986 is ons getroud en gaan bly ons op ‘n plaas in die Keetmanshoop distrik. Een van die eerste aktiwiteit op die plaas was die oprigting van duiwehokke. Hier het Danie met sy Modenas aangegaan. Later het Kings bygekom. In 1997 trek ons Edenville, Kenhardt toe. Pa Kotie Visser het hier ‘n paar rasse op die plaas aangehou. Gros Mondains, Jacobins en German Beauty Homers.

Danie het my altyd deel gemaak van sy liefde (tweede liefde – ek was hopelik die eerste). Hy het my geleer van die standaarde van die rasse en later ook my opinie gevra. Ek was nooit baie betrokke nie, maar hom ondersteun en so vêr as moontlik saam skoue bygewoon. Nooit het ek verstaan hoekom die manne van 08:00 in die oggend tot hulle die sale wil toemaak tussen die duiwe kon wandelen net oor duiwe gesels nie. Ek het homdit egter elke oomblik gegun. Later het ek by die administrasie van ons streekskoue betrokke geraak en tot 2016 se SA’s die “kantoor” beman. Om deel te wees van die duiwe-familie was nog altyd lekker, want soos ons hier in die Boesmanland sê, hulle is lekker mense.

In 2017 verander alles. Met Danie se dood besluit Esjay om met die Modenas aan te gaan en ek gaan aan met die Beauty Homers aan. Vir my was dit net reg om aan te gaan met dit waarvoor Danie lief was. Die Brunners is na Quinton Oosthuizen en wyle Johan de Beer toe. Ek het besef dat ek nie die toewyding en tyd aan hulle sou kon gee wat Danie gedoen het nie. Daardie gebrom en gekoer vir hulle om te blaas was my nie beskore nie. Enhulle wou nie luister nie!!!!

Ek het die SA’s, na sy dood, in Bloemfontein alleen bygewoon. Die ontvangs was ongelooflik. Hier het ek vir die eerste keer verstaan waarom Danie heeldag tussen die duiwe beweeg het. Ek wou ook net gesels en duiwe kyk en opinies vra. Om my kennis van die Beauty Homers te verbeter het ekbesluit om die toets vir beoordelaar te doen. Senuweeagtig het ek tussen die duiwe beweeg en plasings gedoen met die kennis wat ek het. En wie kom

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

op my afgestap toe dit my beurt is……….. Christo Munnik en Pierre le Roux. Die ”groot” manne in die bedryf. Wel, ek het oorleef en my sertifikaat ontvang.

Esjay het sy Modenas verkoop en is nou ‘n voëlboer. Ek het nog die Beauty Homers, maar soos die lewe is, moes ek plekmaak vir Esjay en sy vrou om die boerdery oor te neem. Ek is nog semi deel van die boerdery en gaan nog steeds aan met my Kaapse Skilderbokke. Eenmaal ‘n plaasmens, altyd ‘n plaasmens.

Ek bly nou op Kenhardt en die GBH is nog op die plaas. Ek is in twee geskeur. Moet ek aangaan met die duiwe of moet ek dit vir iemand laat kry wat kan aangaan, die stoet verbeter met die nodige aandag en toewyding. Die vraag kan net ek self beantwoord. Maar wat van my duiwefamilie?



***Beoordelaars handleiding: Artikel 14 Aaanbied van skoue onder die vaandel van die SASV***

*Christo Munnik*
*Nasionale Beoordelaarsbeampte*

14 Reëls op streke en lede van toepassing tydens die aanbied van skoue onder die SASV se vaandel.

14.1 Die inskrywingsvorm soos in Die Sierduif versend of aan u gepos, moet gebruik word.

14.2 Laat inskrywings sal op diskresie van die persoon in beheer gehanteer word.

14.3 Alle besonderhede moet volledig op alle inskrywingsvorms verstrek word.

14.4 Slegs duiwe met SASV ringe of ringe van erkende binne- en buitelandse klubs mag geskou word.

14.5 Geen ringe mag name of kontakbesonderhede van die lid bevat nie, selfs al is dit ‘n ring van ‘n erkende klub.

14.6 Geen duif met 2 ringe mag geskou word nie. Die uitsondering is die Birmingham Roller en die Working Homer, waar die tweede ring met swart isolasieband toegeplak moet wees. Geen ring mag die vertoner op enige manier kan identifiseer nie.

14.7 Duiwe wat na ‘n skou gebring word vir verkoop, moet vry wees van alle parasiete en die eienaar moet vooraf met die skoubestuur reël vir ordentlike afsonderlike geriewe.

14.8 Alle skouhokke moet van ‘n agtergrond voorsien word en die ente van rye moet behoorlik bedek wees.

14.9 Skouhokke moet volgens die riglyne aangedui in punt 28 beskikbaar wees vir alle rasse.

14.10 Voldoende loophokke van die regte grootte en tipe moet beskikbaar wees vir beoordeling soos uiteengesit in punt 29,

14.11 Voldoende addisionele skouhokke van die regte grootte moet op alle skoue beskikbaar wees vir alle raswenners, senior en junior. Die hokke moet voor beoordeling aan alle beoordelaars en vertoners uitgewys word en moet sovêr moontlik nie deel van die normale skouhokke wees nie.

14.12 Rasbeoordelaars beoordeel die senior en junior duiwe aan hom/haar toegeken, en die Senior Beoordelaar van die dag beoordeel sovêr as moontlik net die hooftoekennings.

14.13 Rasbeoordelaars is verantwoordelik vir die vorentoe vat van alle rasse soos deur hom/haar beoordeel.

14.14 Siek duiwe sal summier uit die skousaal verwyder word.

14.15 Beoordelaars het die reg om eie diskresie te gebruik aangaande duiwe met “pinholes.” of duiwe met lewendige parasiete.

14.16 Enige wangedrag deur vertoners sal streng optrede tot gevolg hê.

14.17 Duiwe word op die eienaar se risiko vertoon.

14.18 Duiwe is gedurende die skou onder die betrokke skoubestuur se beheer.

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

14.19 Geen persoon word toegelaat om ander vertoners se duiwe sonder toestemming te hanteer nie.

14.20 Vertoners mag gedurende beoordeling teenwoordig wees maar mag geen kommentaar lewer nie.

14.21 Duiwe mag slegs volgens die program van die betrokke skou verwyder word.

14.22 Alle beoordelaars vir die SA Kampioenskapskou moet deur die betrokke spesialiteitsklubs genomineer word en hulle sal dan skriftelik uitgenooi word deur die Nasionale Beoordelaarsbeampte. Die beoordelaars moet in "Die Sierduif" gepubliseer te word voor die sluitingsdatum van die SA`s inskywings.

14.23 Duiwe mag in 'n groter hok as gespesifiseer in punt 28 vertoon word, maar nie in 'n kleiner een nie.

14.24 Hokke moet in netjies, skoon en parasietvrye toestand wees.

14.25 Indien 'n vertoner op 'n skou aankom en die skouhokke voldoen nie aan die vereistes nie, het die vertoner die reg om sy inskrywingsfooi terug te eis vanaf die streek en dan te besluit of hy wil aangaan met die skou en of hy sy duiwe gaan onttrek.

14.26 Toetsing van beoordelaars word slegs by SA's en nie meer by streekskoue of duiwedae gedoen nie. Die Seniorbeoordelaarsbeampte kan spesiale toesdae reël om addisionele geleendheid te skep vir lede om getoets te word. Tydens sulke dae sal steeds aan al die vereistes voldoen word soos op 'n Nationale Kampioenskapskou.

14.27 Skousekretarisse moet beoordelaarslyste vir elke ras opstel wat in die Enige Ander Sierduif/Kropper ens. klasse ingeskryf is, en alle raswenners moet na vore geneem word.

14.29 Gewaste riviersand moet in die hokke van alle veerpootduiwe gebruik word.

14.30 Die kleur van hokkaarte is as volg:
Ou mannetjies ~ wit,
Ou wyfies ~ groen,
Jong mannetjies ~ blou en
Jong wyfies ~ pienk.

14.31 Indien skouhokke gestapel word moet die rasse wat in skouhokke beoordeel word nie in die onderste rye geplaas word nie.

14.32 Daar moet rondings in die skouhokke vir die Holle Kroppers wees.

14.33 Waar `n beoordelaar nie sy/haar weg oopsien om `n eerste plek of raswenner toekenning in `n bepaalde ras te maak nie, moet hy/sy die saak eers met `n ander beoordelaar, verkieslik `n Senior Beoordelaar, bespreek voordat die finale besluit geneem word.

14.33 Kleure vir plekplakkers: Indien die plek wat die duif behaal het nie op die plekplakker gedruk is nie moet daar by die volgende kleure gehou word;

Eerste in kleurklas -- Rooi

Tweede in kleurklas – Blou

Derde in kleurklas – Groen

Vierde in kleurklas – Geel

Vyfde in kleurklas – Swart

Beste ou mannetjie – 2 x Rooi

Beste ou wyfie – 2 x Rooi

Beste jong mannetjie – 2 x Rooi

Beste jong wyfie – 2 x Rooi

Beste ou duif - Silwer

Beste jong duif – Silwer

Beste in ras – Goud

***Wanneer terugslae op jou pad kom, raak eers rustig, want dan kan jy makliker 'n weg deur die struikelblokke vind***

***As jy 'n gelukkige lewe wil lei, verbind dit aan 'n doelwit en nie aan mense of dinge nie.***

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

# Bankovs, Manie Fourie and Bertie Wessels Trophies/Trofees

**Rules**

1. The duration of the competitions will be from the 1st of July to the 30th of June.
2. An informative/factual article written and researched by a member will earn 300 points. An informative article from another source send in by a member will earn 150 points.
3. A letter from a member will receive 150 points.
4. Regional news will be awarded 200 points.
5. A match meeting report will earn 200 points.
6. A Regional, Young bird, Agricultural, District or Speciality Club show and the Championship show will earn 1 point per 1 bird, exhibited plus 200 points if areport is send with.
7. A good idea will earn 100 points.
8. A region which increases its membership as explained in 1 above will receive 100 points for every additional member.
9. For every R1 advert for The "Fancy Pigeon" a Region will receive 1 point towards the Bertie Wessels Trophy.

**NB Any member who obtain a R850 full page advert for the Magazine will earn free membership for the following year.**

**Reëls**

1. Die tydperk van die Kompetisies strek van die 1ste Julie tot die 30ste Junie.
2. 'n Leersame/feitelike artikel deur 'n lid self geskryf en nagevors verdien 300 punte. 'n leersame artikel vanaf 'n ander bron wat net deur 'n lid ingestuur is verdien 150 punte.
3. 'n Brief van 'n lid verdien 150 punte.
4. Streeknuus verdien 200 punte.
5. 'n Verslag oor 'n Duiwedag verdien 200 punte.
6. Enige Streek-, Landbou-, Jongduif- Grasperk Spesialiteitsklubskou asook Kampioenskapskou sal 1 punt per duif vertoon ontvang plus 200 punte indien 'n verslag saamgestuur is.
7. 'n Goeie idee sal 100 punte ontvang.
8. 'n Streek wat sy ledetal verhoog soos in 1 hierbo uiteengesit sal 100 punte ontvang vir elke addisionele lid.
9. Advertensiegeld wat 'n streek/lid vir "Die Sierduif" insamel, sal 'n punt ontvang vir elke rand ingesamel ten opsigte van die Bertie Wessels trofee.

**NB 'n Lid wat 'n R850 volblad advertensie vir Die Sierduif werf, sal vir die volgende jaar gratis lidmaatskap ontvang.**

## Important information

**Order from the National Ringmaster:**

1. **Book of Standards R250 each**
2. **SAFPA ties (Navy blue) R120 each**
3. **SAFPA Pocket badge (Navy blue) R70 each**
4. **SAFPA Area scroll (Navy blue) R30 each**
5. **SAFPA Honour scroll (Navy blue) R30 each**
6. **Metal Member & Judges scrolls R50 each**
7. **National pocket badges (Green) R70 each**
8. **National Honour scrolls (Green) R30 each**
9. **National Ties (Green) R120 each**

**All prices excludes Postage contact National Ringmaster Mr. Robin Prince for correct postage**

## Score board

**Bank OFS Shield**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | North-of-the-Vaal: | 1334 |

**Manie Fourie Trophy**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Northern Freestate: | 1132 |
| 2. | Northern Cape: | 850 |
| 3. | Western Transvaal: | 696 |
| 4. | KwaZulu-Natal: | 650 |
| 5. | SW Districts: | 631 |
| 6. | Eastern Province: | 400 |
| 7. | Eastern Region: | 150 |
| 8. | Freestate | 0 |
| 9. | Western Cape: | 0 |

**Om te weet hoe die punte vir die twee trofees toegeken word lees punte 1 tot 8 van die reëls bo-aan die kolom. /To know how the points are allocated for the two trophies read the rules from 1 to 8 in the column above.**

**Bertie Wessels Trophy**

1.

**Die Bertie Wessels Trofee se punte gaan oor punt 9/ The points for the Bertie Wessels Trophy is according to point 9**

***Slegs 'n gelukkige mens kan ander ook gelukkig maak.***

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873